



NAGBLOM

deur HILDEGARD DE BEER
Onderafdeling Onkruid en Plaagdoders
Navorsingsinstituut vir Plantbeskerming

Nagblom, *Cereus peruvianus* (L.) Mill. familie Cactaceae, is 'n gewilde plant in talle Suid-Afrikaanse tuine wat 'n groot bedreiging vir ons natuurlike plantegroei inhou. Dit versprei dikwels na die omringende veld, waar dit doringagtige ruigtes vorm. Tans is die digte besmettings nog redelik beperk, en daarom is dit van die grootste belang dat die plant nou uitgeroei moet word, voordat die probleem nog ernstiger afmetings aanneem in die groot gebiede wat gunstige toestande vir hierdie geharde plant bied.

Die generiese naam, wat "fakkel" beteken, verwys na die kandelaaragtige voorkoms van die plant. Nagblom staan ook in die volksmond as bobbejaanpaal bekend, terwyl die name "queen of the night" of "peruvian apple cactus" in Engels gebruik word.

MORFOLOGIE

Nagblom is 'n meerjarige sukkulente boom, gewoonlik 6-7 m hoog, wat normaalweg bestaan uit 'n kort hoofstam waaruit talle dik, vertikale takke

groeï. Dit kom egter ook soms as 'n meerstammige struik voor. Die takke is vlesig, groen en doringrig, en is bedek met 'n blougerige wasagtige lagie. Die takke het 4 tot 9 (meestal 6) opvallende lengteverlopende riewe, waarop daar dorings in groepe van 6 tot 8 voorkom. Die dorings is 1 tot 2 cm lank, skerp reguit of teruggebuig en is bruin tot swart van kleur. Elke groepie dorings kom op 'n bruin tot grys knoppie of areool voor, wat 10 tot 25 cm van mekaar op die riewe gerangskik is. Die stamme is op onreëlmatige afstande van mekaar effens ingesnoer om die voorkoms van litte te skep. Die jong groeipunte het vlesige blaartjies op die riewe, maar hierdie blaartjies val gou af, sodat die plante as blaarloos beskou kan word. Die sytakke ontstaan uit die rustende okselknoppe tussen die dorings in die areool. Die plante het 'n vlak maar uitgebreide wortelstelsel.

In die lente dra die plant groot, tregtervormige blomme wat bestaan uit 'n lang blombuis wat wyer na boontoe word. Die blomme is sowat 15 cm lank en 7 tot 10 cm in deursnee. Die skubvormige blare wat die buis bedek, is dik en groen tot pienk van kleur, terwyl die dunner, binneste kroonblare wit is.

Soos die naam aandui, gaan die blomme in die nag oop en vou gewoonlik weer die volgende oggend toe, hoewel hulle op koel, bewolkte dae bedags ook



FIG. 1 – Nagblom is 'n meerjarige, sukkulente plant wat 6-7 m hoog word



FIG. 2 – Groot, wit, tregtervormige blomme word in die lente gedra

oop is. Die blomme word deur baie bye besoek, wat saam met nagvlieënde insekte vir die bestuiwing van die plant verantwoordelik is. Wanneer die blom verlep, val die blomblare en meeldrade af, terwyl die vrugbeginsel vergroot om 'n vlesige, byna ronde vrug met 'n deursnee van sowat 4 cm te vorm. Die skil van die vrug is glad en doringloos met 'n rooi tot pienk kleur wat mettertyd na amberkleurig verander. Die eetbare vrugvleis is wit, soet en welriekend en bevat 'n groot aantal fyn, swart saadjies, ongeveer so groot soos 'n speldekop. Wanneer die vrug ryp is, bars dit aan die een kant oop. Voëls en bobbejane is baie lief om die vrugte te eet.

'n Ander heelwat kleiner kaktus wat algemeen in rotstuine en heinings groei, die orrelpypkaktus (*Cereus* sp.) het soortgelyke blomme as die nagblom, maar is opvallend geler groen, het baie meer dorings, en groei slegs tot 2 m hoog. Dit kan ook soms as digte besmettings voorkom. Hierdie plant versprei egter nie so vinnig nie, aangesien dit nie vrugte dra nie. Nuwe plante kom slegs op waar die stamme van ou plante omgeval het.

Nagblom word ook soms verwar met die inheemse naboomsoorte (*Euphorbia* spp.) wat ook vlesige stingels met lengteverlopende riwwe het. Die naboomsoorte het egter 'n duideliker hoofstam, die stingels is dieper ingesnoer, die dorings kom in pare voor, die blomme is klein en onopsigtelik, en 'n kenmerkende wit melksap word uitgeskei by wonde in die stamme.

VERSPREIDING

Hierdie onkruid is inheems in Suid-Amerika, en is waarskynlik deur vetplantversamelaars na Suid-Afrika gebring. Met die uitsondering van Hawaii, waar dit soms 'n pes is in weiveld, het dit nog nêrens anders in die wêreld onkruidafmetings aangeneem nie. In Suid-Afrika is dit ook eers so onlangs as 1982 tot 'n onkruid verklaar.

Besmettings van nagblom in Suid-Afrika is, sover bekend, hoofsaaklik tot die warmer dele van Transvaal beperk, waar dit veral in die bosveld noord van die Magaliesberg voorkom. Een van die ergste besmettings is by Kameelpoort, noord-oos van Pretoria, waar ongeveer 3 000 ha grond deur nagblom ingeneem is. Kleiner besmettings kom in die omgewing van Soutpan, Warmbad, Pienaarsrivier, Hammanskraal, Pretoria-Noord, Rust de Winter, Groblersdal, Thabazimbi, Rustenburg en Brits voor. Nagblom groei egter ook as aangeplante sierstruik in menige tuin in Suid-Afrika, waar dit veral in die warmer dele 'n potensiële bron van besmetting kan wees. Dit word ook soms as lanings aangeplant.

Nagblom vervuil gewoonlik onder bome, en daar is aangetoon dat die saailinge fyn getekstureerde grond en genoeg skaduwee nodig het om te kan ontwikkel. Nagblombesmettings word egter ook soms in sandgrond en in oop veld aangetref.

Uitgee deur die Departement van Landbou en Watervoorsiening en verkrygbaar van die Direkoraat Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria 0001

VOORTPLANTING

Die belangrikste metode van voortplanting by hierdie onkruid is deur middel van sade. Dit word aangehelp deur voëls en ape wat die vrugte eet en die sade na die veld versprei. Die meeste besmettings kom dan ook onder bome voor waar die voëls gewoonlik gaan sit. Enige nagblomplant in 'n tuin is dus 'n potensiële bron van besmetting.

Nagblom plant ook in mindere mate vegetatief voort, deurdat dele van die stamme wat op die grond lê, gereedelik wortel skiet. Hierdie vlesige stamme bly nog baie lank nadat die plant afgekap of uitgetrek is, lewenskragtig.

GEVARE

Die grootste gevaar van hierdie onkruid lê in sy vermoë om die natuurlike plantegroei te verdring en weiveld in te neem. Die digte doringagtige besmettings onder bome verhinder diere om in die skaduwee skuiling te soek. Die plant is ook moeilik om uit te roei aangesien dit nie maklik doodgaan nie. Omdat die plant geen natuurlike vyande in Suid-Afrika het nie, kan dit ongehinderd groot gebiede van die land inneem.

WETGEWING

Nagblom is kragtens die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983) tot 'n onkruid verklaar. Die plant mag dus nie versprei word, of toegelaat word om te versprei nie. Verder mag dit nêrens in die Republiek in dorpsgebied voorkom nie, terwyl dit op alle plaaseenhede in die Republiek waar dit wel voorkom, doeltreffend beheer moet word. Eienaars en inwoners is dus volgens wet verantwoordelik om hierdie plantsoort in hul tuine uit te roei.

BEHEER

Dit is noodsaaklik dat hierdie onkruid nou uitgeroei word, terwyl daar nog relatief min ernstige besmettings is.

In die geval van klein besmettings of enkele plante in tuine, moet die plant afgekap en die stingelbasis uitgegrawe word. Kleiner saailinge kan met die hand uitgetrek word. Daarna moet die plant of verbrand of diep onder die grond begrawe word. Daar moet egter sorg gedra word dat geen deel van die plant op die grond bly lê waar dit weer kan wortel skiet nie. Stukke van die plant moet onder geen omstandighede bloot weggery en êrens weggegooi word nie, aangesien dit een van die algemeenste metodes is waarop verskeie kaktusbesmettings ontstaan.

Groter besmettings kan chemies beheer word met die toediening van MSMA (Masmar L2032, Wet 36/1947).